

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons aanvaar het deur ons deur sy offerdood reg te maak vir sy liefde en sy liefde in ons harte uit te stort as sondears en goddeloses. Christus aanvaar ons nooit as mense wat onself tot God bekeer, reggemaak of ons liefde oor God uitgestort het nie. Daarom aanvaar ons mekaar nooit volgens die liefde wat ons vir mekaar het nie maar in en deur die wat Christus vir ons het. Christus se kerk is nooit een van die liefdes kultusse van hierdie goddelose wêreld nie.

Skriflesing Romeine 5: 1 – 11. 15: 1 - 7

Teks Rom. 15:" 7 "Daarom aanvaar mekaar, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God."

Tema Christus laat ons mekaar as Christene aanvaar

1. Christene aanvaar mekaar soos Christus hulle aanvaar het, nie soos hulle hulself aanvaar nie. Dit is wat ons in Levubu as kerk van die Here Jesus Christus byeenbring – die wyse waarop ons mekaar aanvaar.

Dit unieke wyse waarop ons as Christene mekaar aanvaar is dat ons mekaar aanvaar soos Christus ons aanvaar het.

Hoe het Christus ons aanvaar?

Volgens Romeine 5 het God sy liefde in Christus vir ons bewys deur vir ons te sterf toe ons nog sondears was. Christus het op die regte tyd vir mense wat verkeerd is gesterf, nie vir mense wat reg is nie. Volgens rom.15: 3 het Christus die beledigings waarmee ons as sondears God beledig op Hom geneem en het Hy God se straf en oordeel vir die beledigings waarmee ons God verneder gedra. Dit is volgens die Messiaanse betekenis van Ps. 69: 10 "Die bespotting waarmee hulle U bespot moes ek verduur." Christus het hierdie bespotting en straf op Hom geneem om die kerk, die huis van God te skep. (Ps. 69:10)

Christus sterf nie vir mense wat reg is nie maar mense wat verkeerd is sodat Hy hulle reg maak en reg laat wees vir God.

Christus het nie net vir mense wat verkeerd is gesterf nie. Maar Hy stort God se volledige liefde uit in goddelose mense se harte. Dit is deur die Heilige Gees van die Abrahamsbelofte waarin God onderneem om sy Gees in ons te gee. (Eseg. 36: 24 – 28) Die Gees wat Christus oor sy kerk uitstort is die Gees wat God se liefde in goddeloses se harte uitstort.

Só aanvaar Christus ons! As sondears wat verkeerd is waarvoor Hy in hul plek as die verkeerde sterf en deur sy liefde uit te stort in goddeloses wie se harte teen God verhard is en hulle gees in hulle self ingekeer is.

2. Hoe aanvaar Christus ons nooit nie?

Christus laat ons mekaar as Christene aanvaar

Christus aanvaar nooit mense wat self hulle saak met God reg gemaak het nie. Paulus stel in rom. 5: 7 dat Christus nie vir goeie mense gesterf het nie. Goeie mense is mense wat self hulle saak met God reg maak. Christus aanvaar nooit sulke mense nie.

Christus aanvaar ook nie mense wat hul tot God bekeer het en God lief het nie. Volgens Rom. 5: 6 en 8 aanvaar Christus ons as mense wat magteloos in ons eie goddeloosheid en sonde is. Mense volgens die Abrahamsbelofte (Eseg. 36: 24 - ) met verharde harte wat God nie as God wil eer en dien nie, met 'n selfingekeerde gees wat God nie erken nie. In sulke mense stort God sy liefde uit, nie net eenkeer nie, maar elke dag die hele dag. Ons is mense wie deur God se liefde leef terwyl ons nog innerlik geneig tot goddeloosheid en sonde is.

So!

Hoe aanvaar ons mekaar soos Christus ons aanvaar het?

Dit kan nooit beteken dat ons vir mekaar doen wat Christus vir ons doen nie. Ons kan nooit die straf van ander mense se sondes op ons neem nie of hulle saak met god reg maak nie. Nog minder kan ons die liefde van God in ander mense se harte uitstort nie.

Ons aanvaar mekaar soos Christus ons aanvaar het. As sondaars wat deur Christus se offerdood vir god reg maak is en reg gehou word. As mense wat tot kwaad en goddeloosheid geneig is, maar in wie God se liefde in hul harte uitgestort word.

Ons aanvaar mekaar as Christene vir wat Christus met ons doen en wie Christus ons vir God laat wees.

3. Hoe aanvaar ons mekaar as Christene nooit nie?

Ons aanvaar mekaar nooit volgens die liefde wat ons vir mekaar het nie!

Dit klink dadelik vir ons vreemd en verkeerd om mekaar nie vir die liefde en volgens die liefde te aanvaar wat ons vir mekaar het nie. Maar toets dit aan die oproep van Paulus, om mekaar te aanvaar soos Christus ons aanvaar het. Aanvaar mekaar soos Christus julle as mense aanvaar wat nog steeds tot sonde en goddeloosheid geneig is, maar julle vir Hom reg maak en god se liefde in julle harte uitstort terwyl julle só is.

Paulus stel nie dat ons mekaar moet aanvaar vir en volgens die liefde wat ons vir mekaar het nie. Ons moet mekaar liefde hê. Ons is tot hierdie wet verbind, maar ons aanvaar mekaar nie volgens die liefde wat ons vir mekaar het nie. Ons aanvaar mekaar volgens die liefde wat Christus vir ons het. sy liefde waarin Hy mense wat tot sonde geneig is vir sy liefde reg laat wees en God se volle liefde uitstort in mense wat tot goddeloosheid geneig is

Christene aanvaar mekaar as Christene vir die wyse waarop Christus hulle liefhet, nie vir die wyse waarop hulle mekaar liefhet nie.

Christus laat ons mekaar as Christene aanvaar

Christene noem mekaar “broers” en “susters”. Hoe aanvaar broers en susters mekaar? Deur te glo in en die liefde te aanvaar wat jou ouers vir hulle ander kinders het. So eer jy jou ouers. Deur hul liefde te eer vir hul ander kinders as dieselfde liefde wat hulle as ouers vir jou het.

Daarom moet ons die volle sin hoor wat Paulus stel oor hoe ons mekaar en waarom ons mekaar moet aanvaar soos Christus ons aanvaar. Ons moet mekaar so aanvaar tot eer van God. Ons eer God wanneer ons glo in en die liefde aanvaar wat Hy vir sy ander kinders het wat ook tot sonde en goddeloosheid geneig is.

4. Broers en susters aanvaar mekaar nie volgens die liefde wat hulle vir mekaar as broers en susters het nie, maar volgens die liefde wat God vir elkeen van sy kinders het. Dit is wat die uitdrukking beteken “bloed is dikker as water” in hierdie opsig hier beteken. Ons aanvaar mekaar nie volgens ons liefde vir mekaar maar volgens die liefde wat Jesus deur sy offerbloed ons mee liefhet.

Watter eise mag ons nooit teenoor mekaar vir aanvaarding van mekaar stel?

Ons mag nie die eis teen ‘n ander of jouself stel vir aanvaarding om jouself eers reg te moet kry nie. Want Christus het nie so eis teen ons gestel om ons te aanvaar nie. Hy het juis ons reg gemaak deur sy offerdood omdat ons onself nooit vir God kan reg kry nie.

Ons mag nie die eis stel dat ‘n gelowige eers ‘n liefdevolle mens moet wees voor ons hom of haar sal aanvaar nie. Christus stort god se volle liefde in ons harte uit terwyl ons nog geneig is tot sonde en goddeloosheid.

Ons mag nie die eis stel om eers mekaar se liefde te moet gee en ontvang voor ons mekaar as Christene aanvaar nie. Jou of ‘n ander se liefde is nie die rede hoekom ons mekaar as Christene aanvaar nie, maar die liefde wat god aan ons bewys ten spyte van ons eie sondigheid. Ons vereer nie mekaar deur mekaar se liefde te aanvaar nie. Ons vereer God deur mekaar te aanvaar as mede-Christene deur sy liefde te erken wat Hy uitstort in hulle wat nie van self reg en liefdevol is nie.

5. Hierdie is die hart van alle liefdeskultusse!

Wat is ‘n liefdeskultus?

Dit is waar mense hulle self en mekaar vereer met die eer van God, vir en deur die liefde wat hulle vir mekaar gee en ontvang. Dit is mense wat in mense goddelike liefde soek. Hulle glo dat in die liefde wat hulle vir jou gee, jy Jesus se liefde moet beleef en in die liefde wat jy vir hulle gee hulle Jesus se liefde beleef.

Dit word vandag in Christelike kerke beoefen deur die soeke en ervaring van sogenaamde “agapei” liefde vir mekaar. Kerke benoem hulle self al as “Agapei” gesinskerke. Sulke gemeentes word nou geestelike familie-gemeentes en die pastoor of dominee word nou die familie of gesinshoof van so ‘n liefdeskultus. ‘n Kultus waarin niemand meer aanvaar word soos Christus jou aanvaar nie.

Christus laat ons mekaar as Christene aanvaar

So maak hulle mekaar mense in wie se menslike liefde vir mekaar God se liefde beleef word. So vereer hulle mekaar vir goddelike liefde en aanvaar mekaar volgens hierdie kamstige goddelike liefde.

6. Christus se kerk is nie 'n liefdeskultus nie. Hulle aanvaar mekaar nie vir die liefde wat hulle vir mekaar gee en van mekaar ontvang nie. Hulle eer God deur mekaar te aanvaar soos Christus hulle aanvaar het.

Ons kan dit toelig met broers en susters wat 'n ouer se verjaarsdag bywoon. Hulle eer hul ouers vir die liefde wat hul ouers vir elkeen van hul kinders het en aanvaar mekaar as kinders wat ook hierdie liefde ontvang.

Wanneer 'n kind van 'n ouer se verjaarsdag wegbly omdat hy of sy gegrief is oor hoe een van die broers of susters teen hulle opgetree het, dan aanvaar hulle mekaar nie meer tot eer van hul ouers nie. Dan het hulle hul broer- en susterskap iets gemaak waarin hulle mekaar volgens hulle eie liefdes aanvaar en vereer.

Mense maak van die Here se kerk so 'n liefdeskultus en is deel van of breek weg van die kerk op grond van die liefde wat mense vir mekaar het. So glo hulle in hierdie kultiese liefde waarin hulle goddelike liefde in en deur mense wil beleef. Hulle wil Jesus kamstig in en deur mense beleef en wanneer hulle voel hulle kry hierdie liefde, skakel hulle in, en as hulle voel hulle kry nie hierdie liefde van mense nie, sluit hulle hulself uit, en soek weer 'n nuwe liefdeskultus waarin hulle geestelike "agapei" liefde in en deur mense beleef.

Dit is deur hierdie ingesteld om mekaar volgens eie liefdes te wil aanvaar of verwerp wat mense christelikheid toeken of ontken met nuwe vereistes soos om Afrikaners, Afrikane, progressiewe, demokraties, verligtes, bekeerdes, spiritueles of ware wedergebore Christene te wees. So vorm spirituele leiers nuwe liefdeskultusse en wil hulle God se kerk so omvorm.

Gelowiges het geen eie besondere unieke geestelike liefde vir mekaar nie. Net die gewone menslike liefde wat hulle vir eie mense, ander mense en vyande het. Die unieke van gelowiges is nie hulle liefde nie, maar hoe hulle mekaar aanvaar soos Christus hulle aanvaar het: mense geneig tot sonde wie reg gemaak is sodat God sy volle liefde in hulle harte uitstort.